

**AGRIBEL BEHEREND BEPERK**

Registrasienommer: 1996/017629/06

("Agribel")

**TERUGKOOP VAN AANDELE**

Aandeelhouers word verwys na die aankondiging op 8 Julie 2024 ingevolge waarvan kennis gegee is dat die direksie van Agribel 'n bedrag van R30 miljoen goedgekeur het om die terugkoop van gewone Agribel-aandele tot en met 30 April 2025 te onderneem teen 'n prys per aandeel wat van tyd tot tyd deur die direksie bepaal sal word.

In dieselfde aankondiging is aandeelhouers ingelig dat die direksie, tot verdere kennisgewing, 'n aanvanklike bedrag van R10 miljoen bewillig het vir die aankoop van Agribel-aandele teen R9 per aandeel.

Op 25 Oktober 2024 is aangekondig dat die raad 'n verdere bedrag van R10 miljoen bewillig het vir die terugkoop van Agribel-aandele teen R9 per aandeel.

Beide die terugkoop aksies soos op 8 Julie en 25 Oktober aangekondig is voltooi. Gevolglik het die Agribel-direksie, tot verdere kennisgewing, besluit om 'n verdere terugkoop van R10 miljoen se Agribel gewone aandele teen R9 per aandeel te onderneem.

Soos in die verlede behels die proses die terugkoop van gewone Agribel-aandele in die ope mark deur Agribel Capital (Edms) Beperk, 'n 100%-filiaal van Agribel.

Aandeelhouers is nie verplig om aan die terugkoop deel te neem nie.

In opdrag van die Raad van Direkteure.

AE Scholtz

Maatskappysekretaris

Tel. nr. (076) 212 1776

Klerksdorp

27 Februarie 2025